VROUETEE

TAMARIN DU TOIT, beter bekend as Egoli se Cat en Getroud met Rugby se Vanesmari, het baie hooi op haar vurk. Dié sexy rooikop en haar voormalige medester **CORINE DU TOIT** het 'n onderneming op die been gebring wat dramaslypskole aanbied en aspirantakteurs die fyner kunsies van toneelspel leer. "Ons wys hulle hoe om oudisies suksesvol af te lê en help hulle met hul selfvertroue en vaardighede," het Tamarin vertel by 'n Vrouedagteepartytjie wat Jacaranda 94.2 in Montecasino se Palazzo-hotel gehou het. Die twee bied landwyd slypskole aan en meisies van so jonk as 14 woon dit by. "Tot dusver was die terugvoer wonderlik. Een van ons meisies het al in drie advertensies verskyn," het Tamarin gespog. Die Jacaranda-aanbieder **AMOR VITTONE** was die gasvrou by die geleentheid. Sy het trots aangekondig sy het haar eie program – Sondae van 10:00 tot 14:00 – gekry nadat sy maande lank intensiewe opleiding ontvang en weekdae in die vroeë oggendure die "dooie skof" gewerk het. Die sanger en Sama-wenner Axene en die voormalige aktrise en sakevrou **ANNIE MALAN** het ook die geleentheid bygewoon. Annie het 'n toespraak gelewer oor hoe vroue hulself kan bemagtig. – MARIËTTE POOL

OUPA BOPAPE

LYDIA WINCHESTER, musiekpromotor



TAMARIN DU TOIT en CORINE DU TOIT

AMOR VITTONE en ANNIE MALAN

REGS: Annie se pers rok deur Phillip Lim kom uit 'n boetiek in Rodeo Drive. Sy het dit daar gekoop terwyl sy in Amerika gekuier het. INLAS BO: Haar glansende ring en ander juweliersware is van Charles Greig Jewellers.

ANNA DAVEL

LINKS: Die gaste by die geleentheid was oorwegend vroue en hulle kon weglê aan 'n smaaklike verskeidenheid soetgoed. LINKS BO: Selfs die Springbok Bryan Habana het ingeloer om te kyk wat alles daar aangaan. Die Springbokke het in die hotel tuisgegaan voor hul onlangse wedstryd teen die All Blacks.